

PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



FEBRUARIE
2019

GOEIE BESTUUR

= beplanning & goeie tydsberekening

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees binne:

04 | Die ABC van die bemarking
van jou oes

06 | Ja, gebruik vreemde
kapitaal, maar...

07 | 'n Oomblik in die kalklig, maar
'n leeftyd van voorbereiding



Daar was eens 'n boer. Hy was 'n goeie boer. Hy het goeie opbrengste behaal ten spyte van uitdagende omstandighede. Eendag het 'n buurvrou hom gevra om sy geheim te openbaar. Die boer het eenvoudig gereageer deur te sê: "Verlede jaar het ek beplan vir 'n moeilike jaar hierdie jaar en ook beplan hoe ek nog steeds goeie

resultate kan behaal, selfs in moeilike omstandighede."

Ons wêreld ervaar ongelooflike klimaatsafwykings. Die toestande waaronder ons vandag boer, is nie dieselfde as wat ons voorvaders jare gelede ervaar het nie. Die enigste manier waarop ons in die toekoms voedselsekuriteit





'N WOORD VAN...

Graeme Engelbrecht

Wat sal jy anders doen? Dit is die vraag wat ons moet vra.

Ons gewasse moet nou begin om hul potensiaal te wys, goed of teleurstellend, dit is in ons natuur om beter te wil doen, of te verbeter. Dit is nou die tyd, met al die werk wat nog vars in jou gedagtes is, om terug te staan en die resultaat van jou werk te ontleed:

- Jy moet eerlik en realisties wees en soek vir direkte aksies wat jou gewas kan verbeter.
 - Kyk rondom jou, wat doen jou bure of vriende?
 - Woon boeredae by.
 - Vra ander wie se menings jy respekteer.
- As jy dit nog nie gedoen het nie, moet jy neerskryf:
- Wat jy gedoen het om jou tot hier te bring, met datums van aksies en nog belangriker, wat jy nou wil doen om te verbeter.
 - Teken die inligting, wenke of tegniese data wat jy ingesamel het, aan. Jy begin om jou planne vir die komende seisoen te formuleer, om te verbeter deur dit beter te doen, of selfs groter te gaan.

Om 'n vasgestelde plan te hê, sal jou help om nou te begin werk om die plan te volg en dan is dit nie meer net 'n droom, of idee nie. Jou kans om die plan te bereik en te volg, sal verbeter en dit sal jou iets gee waarmee jy altyd kan monitor en indien nodig, die nodige veranderinge kan aanbring.

Om uit jou foute te leer, om te verbeter, is slegs moontlik as jy nie net die foute erken nie, maar 'n alternatief kan vind, beter manier om dit te doen en dan seker maak dat jy daardie 'verbetering' werkelik implementeer.

Goeie bestuur = beplanning & goeie tydsberekening

kan verseker, is om aan te pas! Ons moet beplan vir 'n verskeidenheid verskillende toestande en hoe ons op die beste manier voedsel tydens elkeen van die verskillende scenario's kan produseer.

Om 'n boer te wees, moet jy die kuns van beplanning kan bemeester om in besigheid te kan bly. As gewasboer moet jy voortdurend vooruit dink. Selfs terwyl jy vandag oes, moet jy dink aan die oes wat volgende seisoen in die grond gaan. Moet egter nie net in jou kop beplan nie, skryf dit neer.

Wenke om jou met effektiewe beplanning te help

Begin deur elke gewasland 'n naam of kode te gee. Dit moet altyd dieselfde bly. Skryf onder die landnaam wat die huidige situasie op die land is, byvoorbeeld mielies geplant, braak, sonneblom geplant. Nou moet 'n mens dit verder afbreek deur die huidige toedieningshoeveelhede soos plantpopulasië, chemiese toediening, bemesting, ensvoorts, in meer detail te bespreek.

Deur dit te doen, kry jy vir elke land 'n maatstaf om tendense en prestasie in die toekoms te volg. Dit sal jou toelaat om te beplan en veranderinge te maak vir die volgende jaar se insette, gebaseer op die resultate van die vorige seisoen, alles met inagneming van variasies oor die verskillende lande. Jy kan selfs vind dat dit jou sal help om die koste te verminder, omdat jy nou jou bestelling op grond van elke spesifieke land se behoeftes maak.




Hou 'n dagboek by en hou hom elke dag by jou. Hy moet opgedateer word met al die aktiwiteite waarmee jy besig is.

Dit is soos volg:

- **Kontantvloei en begrotings** – 'n mens moet jou eie finansiële situasie tot op die sent ken om te kan beplan vir die volgende seisoen. Deur te weet wat jou finansiële situasie is, sal jy beter verstaan wat jy in die volgende jaar sal behaal. Dit sal jou ook die geleentheid gee om met die bank of ander finansiële instellings reëlings te tref indien nodig. 'n Goed voorbereide begroting kan ver gaan in die bou van beleggersvertroue in jou besigheid.
- **Insette** – soos vroeër genoem, deur 'n goeie plan in plek te hé en presies te weet watter aktiwiteite op elke land

Hou goed dagboek en hou hom altyd by jou. Hy moet opgedateer wees met al die aktiwiteite waarmee jy besig is tydens jou daagliks beplanning. Planne verander van tyd tot tyd en dit is redelik aanvaarbaar, maar behoorlike rekord moet gehou word indien dit plaasgevind het.

Daar is verskillende fasette van jou besigheid wat spesiale aandag sal geniet en waar vroeë beplanning noodsaaklik is.



Jy moet jou finansiële situasie tot op die sent ken om te kan beplan vir die volgende seisoen.

sal plaasvind, asook watter gewas jy waar sal plant, sal jou help om jou insetvereistes meer akkuraat te beplan. As dit bereik kan word en jou begrotings in orde is, sal jy waarskynlik jou insetbestellings betyds en goed kan plaas.

- **Arbeidsvereistes** – arbeid is 'n aspek van ons boerderybedrywigheide wat 'n groot uitgawe kan wees, maar wat ons nie altyd goed beplan nie. Dit is gewoonlik die geval dat ons arbeidsvereistes aansienlik verhoog in die besige tyd. Doen moeite om jou behoeftes te beplan en pro-aktief te wees oor die reëlings met hierdie seisoenale personeellede om beskikbaar te wees op die tydstip wanneer jy hulle nodig het en die voorwaardes van hul werk te onderhandel voordat die seisoen begin, om geskille gedurende die seisoen te verminder.

“n Plan is net so goed soos die uitvoering en implementering daarvan.

- **Toerustingsbehoeftes** – weet wat jou kapasiteit is met die toerusting wat jy het. Moenie jouself oorskot en meer aanvaar as wat jy kan hanteer nie. Dit is ook belangrik om vooruit te beplan vir instandhouding en seker te maak dat jou toerusting in 'n goeie toestand is voordat die seisoen begin.

- **Tyd** – tydsberekening is alles. As jy 'n goeie plan in plek het en jy gereed is vir 'n verskeidenheid omstandighede, sal jy in 'n beter posisie wees om 'n suksesvolle resultaat, soos die goeie boer in die begin van hierdie artikel, te behaal.

'n Plan is net so goed soos die uitvoering en implementering daarvan. Moenie die moeite doen om te beplan as jy nie die planne gaan gebruik nie. In plaas daarvan, wees pro-aktief en sit moeite in wat in die toekoms opbrengs sal oplewer.

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.

Die ABC van die BEMARKING VAN JOU OES

In hierdie artikel sal ons fokus op die belangrikheid van graanbemarking en ook strategie identifiseer wat boere kan gebruik om hul eie bemarkingsplan saam te stel.

Bemarking is die verrigting van alle besigheidsaktiwiteite betrokke by die vloei van goedere en dienste (in hierdie geval is dit mielies) vanaf die punt van aanvanklike landbouproduksie totdat dit in die hande van die uiteindelike verbruiker is.

Dit is belangrik om daarop te let dat groepe met verskillende belang, bemarking verskillend sal beoordeel. Verbruikers wil hul produkte teen die laagste moontlike koste hê, terwyl boere die hoogste moontlike opbrengs wil hê. Dit kan lei tot konflik tussen produsente en verbruikers, of in hierdie geval die meulenaars. Beide mielieprodusente en meulenaars word blootgestel aan 'n onvoorspelbare mark wat deur baie faktore buite hul beheer geraak word. Daar is verskeie mekanismes en bemarkingstrategieë vir beide boere en meulenaars om hulself teen hierdie pryskomelingte verskans.

Die ontwikkeling en implementering van 'n omvattende bemarkingstrategie is 'n kritieke stap in die rigting van 'n winsgewende boerderybedryf. 'n Bemarkingstrategie sal jou help om rasonele bemarkingsbesluite te neem, sodat jy prysrisiko kan bestuur en markopbrengste kan verbeter. Om effekief te bemark, moet 'n boer op hoogte bly en buigsaam bly.

Winsmarges word voortdurend afgedruk en die mense wat hul risiko bestuur, sal diegene wees wat in die bedryf gaan bly. Om 'n gediversifieerde graanbemarkingsplan te hê, moet 'n mens saam met die markte kan verander. Bemarking begin nie net vanaf die punt van verkoop nie.

Om op 'n gedissiplineerde manier by 'n voorafbepaalde bemarkingsplan te hou, is noodsaaklik om onnodige prysrisiko te verminder. Indien jy op hoogte bly van die mark, sal jy toegang tot inligting verkry om voordeel te trek uit prysbewegings. Die bemarkingsplan moet ook gereeld hersien en nagegaan word, aangesien vraag en aanbod toestande verander.

Bemarkingstrategieë beskikbaar aan graanboere

Oes en stoer graan in koöperasie silo's om later te verkoop wanneer die prys toeneem

Die voordeel is dat die produsent kan deel in prysstygings later in die seisoen as gevolg van vraag en aanbod faktore. Die nadeel is egter dat daar geen vorm van prysrisiko beskerming is nie en koste aan berging is; graanhantering en rente is 'n groot faktor.

Voor-oes vooruitgestipuleerde kontrakte

'n Vooruitgestipuleerde kontrak kan gesien word as 'n ooreenkoms tussen twee partye om enige tipe bate op 'n toekomstige tydstip te koop of te verkoop. Die voordeel is dat hierdie strategie help om prysrisiko te beheer en te verskans. Afhangende van die tipe kontrak, is die nadeel dat 'n boer nie deel in die voordele van gunstige prysbewegings nie. Die boer sal ook aanspreeklik wees om die verskansde hoeveelheid aan die koper te lewer, wat die boer se kwesbaarheid teen produksierisiko verhoog.

Stroop en berging in eie silo's

Die voordele van 'n eie silo is dat jy nie direkte strookoste hoof te betaal nie en as 'n produsent kan jy later in die seisoen in prysverhogings deel indien vraag- en aanbodfaktore tot jou voordeel draai. Aan die ander kant is daar die uitdaging om genoeg kapitaal te hê om 'n silo te bou.

Stroop en berging in silosakke

Die voordeel is dat 'n boer stoorgeld en kapitaal vir die bou van silo kan bespaar, aangesien die silosakke goedkoper is as permanente gestruktureerde silo's. Die produsent kan deel in prysverhogings wanneer aanbod en vraag faktore bevoordeel word. Die risiko met bergingsakkie is die agteruitgang van die kwaliteit van die graan wanneer dit vir lang periodes gestoor word.

Verskans jouself op Safex (termynkontrakte en opsies)

Die voordeel is dat die boer prysrisiko kan beheer en verskans. Die nadeel is dat verskansing 'n sekere hoeveelheid geld kos om van termynkontrakte en opsies gebruik te maak. Boere wat nie selfversekerd is om op Safex te handel nie, huur handelaars, wat 'n fooi kos.



Gebruik jou mielies as dierevoer en verkoop jou diere.



Gebruik jou eie stoorfasiliteite.

SES FAKTORE OM 'N BEMARKINGSPLAN TE SKEP

Oorweeg die volgende ses faktore wanneer 'n bemarkingsplan geskep word:

1

Produksierisiko

Kies gewasse wat die grootste moontlike inkomstepotensiaal binne 'n wisselboustelsel het en jy moet die risiko verbone aan die produksie van die gewas verstaan.

4

Bemarkingstrategieë

Verminder risiko van prysse wat val, deur graankontrakte te gebruik en om bering te bestuur.

2

Markanalise

Versamel al die inligting wat nodig is om 'n ingeligte en rasionele besluit te neem. Kyk noukeurig na die mark sodat jy weet wanneer om winste te maksimaliseer.

5

Aksies en spertye

Identifiseer teikenprysse, verkoopsmeganismes, besluitnemingsriglyne en stel spertye en sleutelverantwoordelikhede vir die implementering van die plan vas.

3

Finansiële posisie

Verstaan produksiekoste en boerdery se kontantvloei behoeftes.

6

Evaluering

Graanbemarking is 'n voortgesette aktiwiteit; hersien die bemarkingstrategie ten minste jaarliks.



Stoor graan in silosakke.

Verkoop graan teen die leveringsprys en koop termynkontrakte

Diegene wat nie hul graan wil stoor nie, kan hierdie strategie volg. Hulle verkoop hul graan teen die leveringsprys sodra hulle dit oes en koop termynkontrakte om in die mark te bly. Die voordeel is dat die boer steeds in prysverhogings kan deel en geen stoorkoste hoeft te betaal nie. Hulle kan ook finansiële skuld vinniger terugbetaal.

Die nadeel is dat indien die mark draai en prysse laer is, die boer 'n verlies maak wat 'n

negatiewe uitwerking op die boer se kontantvloei kan hê.

Gebruik jou mielies as dierevoeding en verkoop vee

Vir boere wat beide diere en gewasse het; met inagneming van die voordeelverhouding indien die voer aan diere gevoer word, kan boere besluit of hulle hul mielies wil verkoop, of dit tydens lae mielieprys jare aan hul diere moet voer en eerder geld uit hul vee verdien.

Die nadeel is dat vleisprysse ook wissel, dit is dus geen waarborg dat vleisprysse volhoubaar sal wees gedurende lae mielieprys jare nie.

Gevolgtrekking

Om op 'n gedissiplineerde manier by 'n voorafbepaalde bemarkingsplan te hou, is noodsaklik om onnodige prysrisiko te vermy. As jy op hoogte bly van die mark, sal verseker dat jy toegang tot inligting kry om voordeel te trek uit prysbewegings. Die bemarkingsplan moet ook gereeld hersien en aangepas word, aangesien vraag en aanbod toestande verander.

'Verskansing is een manier om risiko te verlaag in die kommoditeitsmark deur kommoditeitstermynmarkte. Soos met die gebruik van versekering, deurdat die potensiële koste van 'n voertuigongeluk verskans word, kan landbouproduente kommoditeitstermynmarkte gebruik om die potensiële koste van kommoditeitsprysse se volaliteit te verskans.'

Artikel verskaf deur Ikageng Maluleke, Junior Ekonom, Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Ikageng@grainsa.co.za.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

Find a group of people who challenge and inspire you, spend a lot of time with them, and it will change your life.

~ Amy Poehler

JA, gebruik vreemde kapitaal, MAAR...

In die Augustus 2018 uitgawe van Pula Imvula het ons die vraag, "Moet ek vreemde kapitaal gebruik, of nie" bespreek. In hierdie artikel word die vraag aangespreek of die gebruik van vreemde kapitaal die opbrengskoers op jou eie kapitaal sal verbeter.

Net om ons gedagtes te verfris: Die geld wat jy nodig het om 'n boerdery op te rig en jou besigheid te handhaaf, word kapitaal genoem. Daar is basies twee bronne van kapitaal. Eerstens, eie kapitaal – die term wat gebruik word vir die kapitaal of geld wat jy uit jou eie sak voorsien (dalk geld wat jy gespaar het vir hierdie doel). Tweedens kan jy geld leen van iemand anders, bekend as vreemde kapitaal.

In die Augustus 2018 artikel het ons tot die gevolgtrekking gekom dat vreemde kapitaal 'n las is met verskeie risiko's, dus vereis dit noukeurige oorweging. Ons het ook verder verwys na die gebruik van 'n kontantvloeibegroting om te bepaal of jy die vreemde kapitaal sal kan terugbetaal.

Dit is egter net een deel van die vraag of jy vreemde kapitaal moet gebruik, of nie. Die ander deel van die vraag is, is dit die moeite werd om vreemde kapitaal te gebruik? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, benodig jy finansiële inligting uit die balansstaat (staat van finansiële posisie) en die inkomstestaat (staat van finansiële prestasie). Wees bewus van die feit, sonder die korrekte inligting beskikbaar, kan jy nie die korrekte antwoord op hierdie vraag verskaf nie.

Om vas te stel of dit die moeite werd is om vreemde kapitaal te leen, moet jy bepaal of daar 'n toename in die opbrengs van jou eie kapitaal is. Om dit in eenvoudige terme te verduidelik, opbrengskoers verwys na die hoeveelheid geld wat jou belegging maak, uitgedruk in persentasie – indien jy byvoorbeeld R100 000 belê by 'n bank in 'n spaarrekening oor 'n tydperk van een jaar en aan die einde

van die jaar ontvang jy R105 000. Die opbrengs op jou belegging is dan 5% (R5 000 uitgedruk as 'n persentasie van R100 000 = 5%).

Ongelukkig is die feit dat die opbrengskoers, of die geld wat op jou belegging verdien word, vir boerdery in Suid-Afrika redelik laag is – gemiddeld sowat 6% - 7% per jaar, veral vir die meer ekstensiewe tipes boerdery. 'n Sydelingse opmerking – dit bring die vraag – is dit die moeite werd om te boer? Jy kan moontlik meer verdien deur jou geld te belê by 'n finansiële beleggingsinstelling en meer as 6% - 7% verdien, sonder enige moeite of risiko.

As 'n boer, moet jy dus die vraag of jy vreemde kapitaal moet gebruik, oorweeg vanuit die oogpunt of die gebruik van vreemde kapitaal die opbrengskoers op my eie kapitaal sal verbeter?

Die geld wat jy nodig het om 'n boerdery op te rig en jou besigheid te handhaaf, word kapitaal genoem.

Kom ons kyk na 'n eenvoudige voorbeeld. Jy het 'n klein plaas gevestig en jy het R800 000 in hierdie besigheid belê. Hierdie syfer is beskikbaar uit 'n staat van finansiële posisie, of dan 'n balansstaat (sien 'n vorige artikel vir 'n voorbeeld van hierdie staat) onder die eiennaarsbelang. Die boerderywins soos aangedui in die inkomstestaat is dan kom ons sê R80 000, daarom is die opbrengs op eie kapitaal 10%. Jy wil jou besigheid uitbrei om meer geld te maak deur 'n klein braaikuiken produksie-eenheid by te voeg. Jy oorweeg egter om die fondse, R200 000, vir hierdie doel te leen teen 'n rentekoers van 12%. Jy het bereken dat jou boerderywins kan verhoog tot R90 000, dit is nadat die rente van

R24 000 betaalbaar is. Die opbrengskoers op eie kapitaal sal dan 11,25% wees (R90 000 van R800 000 eie kapitaal) wat dan 'n positiewe hefboom genoem word.

Omgekeerd, kan jy die R200 000 net teen 'n rente van 15% leen en die boerderywens sal R75 000 wees ná en as gevolg van die rente van R30 000 wat betaal moet word. Dan sal die opbrengskoers op eie kapitaal 9,375% wees. Hierdie syfer is laer as die oorspronklike 10% opbrengs op eie kapitaal en is 'n negatiewe hefboom. Dit is dus op papier nie die moeite werd om geld te leen om met die braaikuiken produksie-eenheid te begin nie. Die besluit om te leen, bly joune. Maar onthou, sodra jy die lening terugbetaal het, sal die posisie positief verander.

Die twee faktore wat die hefboom beïnvloed, is die bykomende wins wat die nuwe onderneming sal maak en die rentekoers wat jy op die lening sal betaal.

Jy kan voel dat dit alles net teorieë is. Uit 'n praktiese oogpunt bly dit die veiligste opsie om nie vreemde kapitaal te gebruik nie. Maar, soos ons in 'n vorige artikel gesê het, is die "beste skuld kontant". Indien jy egter besluit dat jy geld moet leen, moet jy al die inligting wat nodig is verkry en die rentekoers wat op die geld verhaal word, oorweeg. Onderhandel vir 'n laer rentekoers.

Ons erken ook dat jy soms gedwing sal word om geld te leen om jou besigheid te laat loop, ongeag alle negatiewe verbonde aan geleende kapitaal – soos vir 'n produksielening, of na 'n droogte, maar leen verantwoordelik.

'N OOMBLIK IN DIE KALKLIG, MAAR 'N LEEFTYD VAN VOORBEREIDING



Erkenning as 'n leier kommoditeitsorganisasie, asook bes bestuurde landelike ontwikkelingsprojek na AgriSeta tussenbeide: Dukuza Studiegroep.

It was met groot vreugde dat die Boereontwikkelingspan gehoor het dat ons genooi is om die jaarlikse AgriSeta Uitmuntende Toekenningsdinee vroeg in Oktober 2018 by te woon. Ons boereontwikkelingsbestuurder wat die langste diens het, mnr Jerry Mthombohi van die Nelspruit Streeksontwikkelingskantoor, was genomineer om die span te verteenwoordig.

By die glinsterende geleentheid was ons verheug om te vind dat Graan SA vereer sou word met twee gesogte toekennings, naamlik:

- Erkenning as 'n **Toonaangewende Kommoditeitsorganisasie**; en
- **Bes Bestuurde Landelike Ontwikkelingsprojek na AgriSeta betrokkenheid: Dukuza Studiegroep.**

Ons opregte dank aan AgriSeta, wat al jare lank saam met Graan SA Boereontwikkeling is, vir albei hierdie toekennings. Ons is nederig en dankbaar dat hulle die vrugte van hul belegging in ons projekte sien en ons vertrou dat baie jare van vennootskap steeds voorlê.

Ons erken ook met dank die bydrae tot hierdie suksesse wat deur 'n toegewyde Graan SA Boereontwikkelingspan gemaak is en wat deur me Jane McPherson gelei is. Terselfdertyd verveer ons die boere waarmee ons werk. Hierdie hardwerkende individue maak die meeste van

die geleentheid wat aan hulle gebied word om te leer en te groei.

Met sulke vennootskappe glo ons dat ons 'n verskil kan maak tot die nasionale en huishoudelike voedselsekuriteitsvlakke deur die vestiging van lewensvatbare graanboerdery ondernemings. Dit word behaal deur kennispagings te oorbrug en boere toe te rus met die nodige vaardighede en toepaslike opleiding in die verskillende aspekte van boerderybedrywigheid en bestuur.

Sukses volg op aksie

"*Sukses is die gevolg van perfeksie, harde werk, leer uit mislukking, lojaliteit en volharding.*" – Colin Powell

Dit is waar van die pogings van die Graan SA Boereontwikkelingspan. As Graan SA probeer ons om by te dra tot die transformasie en voorspoed van die verenigde, welvarende landbousektor. Ons poog om die uitdagings van voedselsekuriteit en inkomsteskepping vir diegene wat toegang tot grond het, aan te spreek en die goeie bewaring van die natuurlike hulpbronne te verseker. Ons is opgewonde om te werk in 'n sektor wat die potensiaal het om by te dra tot al die hoekstene van landelike ontwikkeling.

Benewens 'n passie vir transformasie en boereontwikkeling, is dit werd om te noem dat daar 'n paar sleutel boublokke ingestel is om die hoë vlakke van uitnemendheid en integriteit te verseker

wat die raamwerk vorm vir die goeie bestuur waarvoor hierdie program wyd erken word.

Noemenswaardige faktore wat bydra tot die integriteit van hierdie spesifieke program:

- **Ons word ten volle gefinansier en ondersteun deur graan trustfondse, agri besighede en ander strategiese vennote** wat eweneens verbind is tot transformasie in die sektor.
- **Dit beteken dat ons nie by die generering van inkomste betrokke hoef te wees nie en ook nie deelneem aan handelsaktiwiteite vir eie wins nie.**
- **Ons het geen ander motief** as om te help met die persoonlike groei en ontwikkeling van die boere van Suid-Afrika nie, omdat ons glo dat ons 'n verskil kan maak.

Wat is "goeie bestuur"?

Goeie bestuur word behaal deur toewyding aan organisatoriese visie en pliggetrouwe pogings om alle betrokke rolspelers te oorweeg. Dit vereis doelbewuste aksie wat verseker dat belanghebbendes se belangtegnologie aangespreek en weerspieël word in projekaktiwiteit. **Dit is deelnemend, verantwoordbaarheid, deursigtig, responsief, effektiel en doeltreffend, billik en inklusief, en respekteer die gesag van die reg en beleidsraamwerke.** Goeie bestuur reageer op die huidige en toekomstige behoeftes van die organisasie en beoefen wysheid met besluitneming.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDIAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombohi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
Kantoor: 013 755 4575 ◀ Smangaliso Zimbili

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

'n Oomblik in die kalklig, maar 'n leeftyd van voorbereiding



Al die organisasies wat erkenning ontvang het vir hulle prestasies tydens hierdie spesiale geleentheid.

Ses belangrike kenmerke van goeie bestuur

1. Gesagstoepassing

Goeie bestuur vereis regverdig wetlike raamwerke vir die volle beskerming van alle belanghebbendes.

2. Deursigtigheid

Deursigtigheid beteken dat inligting verskaf moet word in maklik verstaanbare vorms en beskikbaar gestel word aan diegene wat geraak word deur die beleid en prakteke.

3. Responsiwiteit

Goeie bestuur vereis dat organisasies en hul prosesse ontwerp word om die beste belanghebbendes te dien.

4. Billikhed en inklusiwiteit

Die organisasie wat die geleentheid bied vir sy belanghebbendes om hul welsyn in stand te hou, te bevoordeel of oor die algemeen te verbeter, bied die mees deurslaggewende boodskap oor sy rede vir bestaan.

5. Verantwoordbaarheid

Verantwoordbaarheid is die sleutel tot goeie bestuur. 'n Organisasie is verantwoordbaar teenoor diegene wat geraak word deur sy besluite of aksies.

6. Deelname

Deelname is 'n sleutel van goeie bestuur. Deelname moet aangepas word om die beste resultate te behaal sodat alle belanghebbendes voel dat hulle gehoor word en gerespekteer word.

Tyd + Poging = Sukses

Graan SA Boereontwikkeling is vereer met hierdie gesogte toekennings deels weens goeie bestuur. Die volgende eienskappe het hier toe bygedra:

- Die Graan SA Boereontwikkelingsprogram word geleei deur beleid wat deur die organisasie en sy donateurs geformuleer is. Ons streef daarna om die **raamwerke** wat in plek is, **te respekteer** en ons aktiwiteite dienooreenkomsdig te ontwerp.
- Ons is **verbind tot deursigtigheid** en het 'n gesofistikeerde stelsel van verslagdoening ontwikkel. Afgesien van die standaard

tussentydse- en jaarverslae, het ons 'n gedetailleerde, insiggewende en interaktiewe web rapporteringsplatform.

- 'n **Databasis** is saamgestel met 'n profiel vir elke boerelid. Vir die boere wat aan die Jobs Fund Projek deelneem, sluit dit 'n foto, 'n afskrif van die ID-dokument, 'n JF-kontrak, GPS-koördinate van die lande, 'n afskrif van die toestemming om te beset en deposito kwitansies in.
- Alle **webbladverslae** oor aktiwiteite sluit in navorsingsgroepe, boeredae, plaasbesoeke, opleidingskursusse, skoolbesoeke, demonstrasieproewe, Boer van die Jaar deelnemers en strategiese vergaderings met vennote en belanghebbendes. Bewyse van elke interaksie word voorsien met foto's en bywoningsregisters, asook 'n verslag van wat by die geleentheid plaasgevind het.
- Ons het 'n **duidelike en deursigtige boekhoustelsel** en is trots op die skoon oudits wat die groot uitbetelings van fondse duidelik weerspieël.
- Graan SA Boereontwikkeling het **TPFA-rekeninge vir boere** georganiseer om te help met die bestuur van geld. Hierdie rekeninge word saam met elke boer bestuur en word weekliks gerapporteer.
- Die menslike ontwikkeling van hierdie werk is die sleutel en verhoudings tussen span en boer is belangrik. Ons streef daarna om **oop kommunikasiekanaale** te bou waar uitdagings en kwessies bespreek word en oplossings gesoek word. Ewe belangrik is die verhoudings met ons vennote en ander belanghebbendes en spelers in die bedryf, omdat **ons poog om 'n ondersteuningstelsel vir die program en 'n netwerk vir elke boer te bou**.

Terwyl erkenning altyd bevredigend is, moet dit nooit die doelwit wees nie. H. Jackson Brown sê: "Moenie werk vir erkenning nie, maar doen werk wat erkenning verdien".

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmaf@gmail.com.

